



Aanlyn Retreat: Gebedsoefening 2

1. Vir hierdie gebedsoefening vandag wil ek jou nooi om nou **stil te word by die Here**, 'n kers aan te steek en bewus te raak van God se teenwoordigheid hier by jou. Doen dit op die manier wat vir jou die beste werk.
2. **Ons teksgedeelte vandag wil jou nooi om naak eerlik na God te kom, met waar jy jou ook al bevind in jou lewe, met al die mooi en die morsigheid daar binne. As God jou vandag op jou naam roep en jy antwoord: "Hier is ek Here." Wat beteken jou hier-wees, hoe lyk jou hier en nou...**Neem jou joernaal en maak 'n paar notas oor waar jy jou op die oomblik bevind...Die volgende vrae mag jou dalk help om na te dink oor jou hier-wees...
 - Waar bevind jy jouself in **jou verhouding met mense** en wie is die belangrike mense op die stadium in jou lewe?
 - Waar bevind jy jouself in **jou verhouding met jouself**? Waaroor droom jy en wat is jou diepste verlangens? Wat is die goed waarvoor jy dankbaar is? Wat is die uitdagings wat jy in die tyd beleef in jou lewe?
 - Waar bevind jy jou in jou **verhouding met die Here**? Wie en hoe is God vir jou op hierdie stadium van jou lewe?
3. **Sit nou jou joernaal neer en lees nou Exodus 3:1-15 'n paar keer rustig deur...**let op wat jou nou veral raak in die verhaal.
4. Sit jou Bybel neer en luister **wat jy by die Here hoor na aanleiding van die skryfoefening en die verhaal in Exodus 3.**
5. **Praat met die Here oor dit wat in jou loskom...**
6. **Rus vir 'n tyd lank bloot in die Here se teenwoordigheid, sonder woorde...**
7. Haal nou jou **joernaal uit en skryf 'n paar gedagtes daarin neer wat jou veral opval van jou gebedstyd.** Wat het in jou geskuif in jou gedagtes en emosies in die tyd van gebed. Wat vermoed jy hoor jy van die Here in die tyd van stilte?